# Joernaal van Seënwense

Louis Wilsenach | Children Non-fiction – Religious | 56 pp |
Incl. Retail Price: R150 | Status: Available 5 November 2008

Hoekom hierdie Joernaal ?
... en hoekom nou?

Ons lewe vandag in die mees kompeterende tydvak van alle tye, en vandag se kind staan voor allemintige uitdagings. Baie kinders word groot met enkelouers, en dikwels werk beide ouers.

Dit is eensame kinderdae.

In hierdie internetgedrewe tyd, is jou kind net een klik weg van fantastiese inligting, groot pret en ja, ongelukkig ... duiwelstreke! Dit is gevaarlike tye om in groot te word.

Die wêreld bied wonderlike geleenthede, maar terselfdertyd is dit vol lelike slagysters. Dit is beide die beste én die slegste tyd om kind te wees. Ouers en opvoeders is deeglik bewus van al die uitdagings wat vandag se kind in die gesig staar.

Daarom is hierdie Joernaal die regte instrument om nóú in hul hande te plaas.

Hierdie Joernaal met sy Beloftes, Gebede, Seëninge en Seënwense sal jou kind veilig na sy bestemming lei.

Dit is interessant en interaktief. Dit is pret en propvol moontlikhede.

---

“Hierdie gids is ‘n skatkis vol kosbare waarhede! Dit gaan kinders help om hul innerlike waardes te ontdek, en hul toekomsdrome te ontsluit. Amaste!”
Dr Johan Geyser - Uitvoerende Pastoor, Mosaïek Gemeenskapskerk

“Louis Wilsenach het vir ons ‘n Joernaal van Seënwense geskep in al die kleure van geluk en voorspoed ... ‘n reistog na ‘n vervulde lewe langs ‘n weg vol seëninge en goeie wense ...”
Johann Redelinghuys - Voorsitter Heidrick & Struggles

“Wat ‘n opwindende reisjoernaal! Mag al die ouers van oor die hele wêreld dit aangryp en vir hulle kleingoed aanskaf. Hierdie Joernaal gaan van ons kinders wenners, sterre en leiers maak ...”
Ymile Kennedy - Motiverende Spreker

“God het ‘n heerlike storieverteller in Louis Wilsenach geskep! Dank die Heer daarvoor.”
Mosotho Moepya - Ondervoorsitter / SA Verkiesingsraad




210 mm x 230 mm portrait
56 pp | Full-colour

ISBN 978-0-9814177-1-4

griffelmedia

Sales representatives:

Broader Gauteng / KZN:
Owen Early
Tel/Fax: 011 839 0299
Cell: 082 338 5078
Email: bacchus@telkomsa.net

Western Cape / Eastern Cape:
Xavier Nagel
Tel/Fax: 021 448 5553
Cell: 083 719 8407
Email: xaviernagel@mweb.co.za

Pretoria / MAPL / LIMP / FS:
Martie Castle
Tel: 082 568 5600
Email: martiec@mweb.co.za

Please send orders directly to
On the Dot:
Email: orders@onthedot.co.za
Tel: 021 918 8810
Fax: 021 918 8815

Management:
Thomas Mollett, Cell: 082 942 9998
Hendrik Venter, Cell: 082 373 9988
Office Tel: 012 843 7600

General enquiries:
Delize Opperman, Tel: 012 843 7600

Other contact details:

Griffel Media Pty Ltd.
Building 31, CSIR Campus
Meiring Naudé Rd, Brummeria
Pretoria
0184

Tel: 012 843 7717 / 7600
Cell: 082 942 9998 / 082 373 9988
Fax: 0866 750 776
Email: info@griffel.co.za
Web: www.griffel.co.za

Co Reg: 2007/028309/07

VAT no: 4500104924


Elke Kind
is 'n God-Idee!
My
baie spesiale
Joernaal van
Seënwense
'n Reistog en 'n Joernaal
wat jou sal vergesel na jou bestemming ...
'n Gelukkige en Ryk Lewe!
Louis Wilsenach



# Inhoudsopgawe


- Voorwoord aan Ouers - i
- Hello! Jy's oppad na jou toekoms! - 1
- Jy is 'n God-idee - 2
- Jou naam en Besonderhede - 3
- Alles begin klein - 4
- Klein kindertjies ... Beroemde Mense - 6
- Beloftes uit die Bybel - 10
- Seëninge van jou Hemelse Vader, Jesus, die Heilige Gees en die Engele - 12
- Dinge waarvan ek hou - 22
- Moeder se Gebed - 28
- Vader se Seënwense - 30
- Grootouers se aanmoediging - 32
- Jy en jou Geloof - die hart van jou Joernaal - 36
- Lys van seënwense - 37
- Jou Bestemming - 40
- Jou Visie - 43
- Jou Skatkis - 44
- Die kruin van jou lewe - 45
- Appendiks A - 47
- Appendiks B - 48
- Appendiks C - 49
- Spesiale woord aan ouers - 50




# Ja, alles begin klein ...



Die klein saadjie ...
word 'n yslike, pragtige sonneblom!

Die klein seuntjie met sy klippies en slingervel
word 'n magtige koning!



Selfs vandag nog ...

So klein as wat jy vandag is,
is jy propvol talente
en is daar wonderlike beloftes
wat van jou nog eendag 'n baie spesiale persoon gaan maak!
Hierdie Joernaal van Seënwense is jou persoonlike
ontdekkingsreis.

'n Baie Spesiale Afdeling

# My beste eienskappe ...

As jy 'n Oupa en Ouma het is jy 'n gelukkige kind.
As jy twee Oupas en twee Oumas het is jy 'n geseënde kind!
God het gesorg dat daar Oupas en Oumas in 'n kind se lewe is,
want Hy het geweet elke kindjie het die sagtheid
en sorg nodig wat net met die liefde van 'n Grootouer kom!

Onthou: Dit is baie belangrik wat Ouma en Oupa van jou sê,
want hulle is ouer en kan dinge sien wat net met wysheid
van die jare saamkom ... Bewaar hierdie kosbare woorde!

## Ouma se Boodskap

Ek is baie lief vir hierdie kind, omdat ...

Dit wat my kleinkind spesiaal maak, is ...



Eendag ...

My spesiale boodskap:

# Hier is die Hart van jou Joernaal!

Nou kom 'n baie interessante deel. Jy moet nou 'n lys maak van al die beloftes uit die Bybel, jou Ma se gebed, jou Pa se seënwens, en al die mooi goed wat jou grootouers gesê het.

Skryf neer alles wat vir jou van waarde is ...

Hierdie is 'n baie belangrike lys!



# Nou! Skryf jou Visie-stelling!

Dit mag dalk baie "volwasse" klink ...
maar dit is baie maklik vir 'n kind soos jy
om dit te doen ...

Dit is amper net soos om

JOU DROOM

vir jou lewe te skryf!

Nou dat jy alles oor jouself weet,
kan jy maklik jou
'Droom vir jou lewe' neerskryf.

Ontou: Hoe **groter** jou droom ...
hoe groter is die kans
dat dit waar gaan word!



# Jou Grootste Skatkis!

Jou Joernaal het nou die grootste skat in jou lewe geword ...
selfs een van die waardevolste besittings van jou lewe.

**Bewaar dit in 'n baie, baie veilige plek!**

Moet dit nooit verloor nie ...
en lees dit elke nou en dan ...
sodat jy kan onthou
wat die inhoud daarvan sê.
Ek was

______
skryf jou ouderdom hier

jaar oud toe ek my Joernaal voltooi het.



# Die Kruin van jou Lewe!

Een van die grootste reistogte wat die mens ooit onderneem het,
was die reis na die maan.
Die hele wêreld het dié prestasie gevier!

MAAR ...

om op die maan te land
is nie naby so belangrik as wat dit vir jou is
om **jou Kruin** te bereik nie!

As jy eendag daar kom
moet jy my asseblief laat weet ...
en my vertel hoe jou Joernaal
jou gehelp het om dit te bereik.
En mag God saam met jou wees, al die pad!

**Geniet jou reis ...**

